

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Appèl Nr. : 85/2005

In die appèl van:

FRANCOIS JACOBUS COETZER

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

HATTINGH R *et* MOLEMELA Wnd R

AANGEHOOR OP:

5 SEPTEMBER 2005

UITSPRAAK DEUR:

HATTINGH R

GELEWER OP:

13 SEPTEMBER 2005

[1] Op 30 Augustus 2004 pleit appellant onskuldig op 'n aanklag van aanranding. Sy verweer is noodweer.

[2] Op 8 September 2004 bevind die verhoorlanddros van Welkom, Me. Morrisson, appellant skuldig aan aanranding

en vonnis hom tot 6 maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir 5 jaar op gepaste voorwaardes.

[3] Appellant kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

[4] Slegs die klaer en appellant het oor die voorval getuig.

[5] Dit is nie in geskil dat appellant, sonder enige vergoeding, sy bakkie aan die klaer geleen het om sekere take vir homself te verrig nie. Wat wel in geskil is, was vir watter duur die klaer die bakkie kon gebruik het. Appellant sê vir bykans 'n uur, klaer sê weer vir bykans 'n dag. Die bakkie het genoeg brandstof gehad om ongeveer 400 km ver te kon ry. Die bakkie was eers die volgende oggend aan appellant terugbesorg, nadat dit sonder brandstof gaan staan het. Dit het aanleiding gegee tot die voorval wat die onderwerp van hierdie appèl is.

[6] Klaer se getuienis daaroor is:

“Dat beskuldigde vir my gevra het, was waar was sy voertuig gewees, waarnatoe het ek gery met sy voertuig. Ek het toe vir hom gesê ek het nêrens gery met die voertuig, ek was net besig

met hom om my goed te vervoer.

Beskuldigde het nie geglo wat ek vir hom gesê het, hy het gesê ek lieg en toe slaan hy vir my met 'n gebalde vuus op die oog en vandaar af toe gryp hy vir my. Hy het my geslaan en geskop.

Op die gesig (met die gebalde vuus geslaan) dit was eenkeer gewees maar hier orals op die liggaam, hy vir my 'n paar keer geslaan met die vuus. Hy het my ook geskop. Ek sal nou nie presies kan sê hoeveel keer nie.

Ek het probeer om my gesig te beskerm en as gevolg daarvan ek weet nie presies waar hy het vir my geskop (sic) waar het hy my met die vuus geslaan, maar dit was net 'n geslanery. (Op die grond) het hy my verder geslaan. Dit was baie keer gewees ek kan nie presies sê nie hoeveel keer. Die gevolg was, dat nadat hy my so geslaan het, ek was so deurmekaar gewees, ek onthou net dat hy my daarna in die toilet toegesluit het.

Hy het my agter die kop geskop en het my op die grond getrek

[7] In kruisondervraging word dit aan die klaer gestel dat die appellant hom nooit geskop het op enige stadium nie, waarop hy dit ontken en sê dat hy “agter die kop” geskop was en later weer dat hy “voor die kop” geskop was.

[8] In die klagstaat word beweer dat die appellant vir die klaer

“met ‘n geskoende voet geskop het na sy lyf en gesig”. Die mediese getuienis toon aan dat daar ‘n 1,5 cm laserasie was op die regter-wangbeen net onderkant die oog.

[9] Op 15 Junie 2004, ‘n dag na die beweerde aanranding, verklaar die klaer in ‘n polisieverklaring:

“He then asked me why didn’t I bring the bakkie back on Sunday as I promised. I tried to explain, but he did not give me a chance. He then dragged me with my jacket and started kicking me all over my body. I fell down, he kicked me on the face. I started bleeding from my right eye. I begged for mercy, but he continued kicking me all over my body, he then took me to the toilet and locked me in there.”

[10] Toe die klaer in kruisondervraging met die polisieverklaring gekonfronteer word, was sy antwoord dat hy tevrede was toe die verklaring aan hom destyds teruggelees is, maar dat hy nie nou meer tevrede is nie. “Die situasies is nie dieselfde daardie tyd en nou”. Hy was later gekonfronteer met sy getuienis dat hy agter die kop geskop was en in die verklaring dat hy in die gesig geskop was, waarop hy geantwoord het dat:

“Beskuldigde het vir my met ‘n vuig geslaan, dit is die vuig wat my hierdie wond veroorsaak het.”

- [11] Die onvermydelike gevolgtrekking is dat die klaer net nooit teen die kop geskop kon gewees het nie, hetsy agter die kop, hetsy voor die kop, want met ‘n geskoende voet dikteer eenvoudige logika dat die geneesheer inderdaad beserings aan daardie plekke sou gevind het wat hy nie gevind het nie.
- [12] Appellant het getuig dat daar ‘n hewige argument ontstaan het oor hoe en waarom die bakkie nie betyds teruggebring is nie en dat dit handuitgeruk het en dat die klaer aggressief geraak het en hom voor die bors gestamp het, waarop hy toe geen ander keuse gehad het as om homself te verweer deur die klaer drie keer met die vuig te slaan. Hy ontken nadruklik dat hy die klaer geskop het.
- [13] Die landdros bevind as ‘n feit “hierdie situasie wel van so ‘n aard was dat daar emosies betrokke was; dat daar aanrandings was, dat daar oor en weer skellery was oor die

voertuig wat geleen was en eers die volgende dag teruggebring het (sic)". Die bevinding dat daar "aanrandings" was, onderskraag die appellant se weergawe. Egter bevind die landdros dat die weersprekings in die klaer se weergawe glad nie wesenlik was nie en dat die verklaring wat hy aan die polisie gemaak het nie ingehandig is nie en daarom nie inaggeneem kan word nie. Nêrens oorweeg sy op die totaliteit van die aangevoerde getuienis of die appellant se weergawe vals is nie. Die rede is dat sy nie geweet het wat die bewysmaatstaf in 'n strafsak is, ek kom later weer daarop terug.

[14] Die landdros het haarself feitlik wanvoorgelig toe sy nie ag geslaan het op die inhoud van die tersaaklike paragrawe in die polisieverklaring wat op rekord geplaas is deur die verdediging nie. Die klaer het die tersaaklike gedeeltes nie ontken nie en is dit glad nie nodig om die hele verklaring in te dien waar die klaer die betrokke paragrawe erken het nie.

[15] 'n Ontstellende feit wat die uitspraak verder ontsier, is die

betreurenswaardige redes wat die landdros gee vir die skuldigbevinding. Nie alleen het sy haar wanvoorgelig op die feite nie, maar begaan sy verskeie mistastings op die reg.

- [16] Die landdros was geroepe om 'n strafsak te bereg. In die beoordeling van die skuld van die appellant pas sy 'n bewysmaatstaf toe wat van toepassing is in siviele sake, waar daar twee botsende weergawes is. Met 'n beroep op **STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP LTD AND ANOTHER v MARTELL ET CIE AND OTHERS** 2003 (1) SA 11 (HHA), sê die verhoorlanddros:

“..... want dit is so dat die hof moet kyk na die waarskynlikhede en die onwaarskynlikhede as dit kom by 'n situasie waar daar twee botsende weergawes voor die hof geplaas is.”

- [17] *In casu* het die appellant erken dat hy die klaer aangerand het, omdat hy in noodweer opgetree het. Hy erken in wese die hooftrekke van die Staat se saak, maar plaas 'n konstruksie daarop wat versoenbaar is met onskuld. In so 'n geval hoef die appellant nie die hof van die waarheid van sy

weergawe te oortuig nie. Hy is geregtig op vryspraak as sy weergawe redelikerwyse waar kan wees.

[18] Sover terug as 1937 is dit aanvaarde reg dat die pasvermelde beginsel by herhaling deur ons howe toegepas is en bevestig is. Vir die verhoorlanddros se uitsluitlike kennisname word dit in **REX v DIFFORD** 1937 AD 370 op 373 soos volg verwoord:

“It is not disputed on behalf of the defence that in the absence of some explanation the Court would be entitled to convict the accused. It is not a question of throwing any onus on the accused, but in these circumstances it would be a conclusion which the Court could draw if no explanation were given. It is equally clear that no onus rests on the accused to convince the Court of the truth of any explanation he gives. If he gives an explanation, even if that explanation be improbable, the Court is not entitled to convict unless it is satisfied, not only that the explanation is improbable, but that beyond any reasonable doubt it is false. If there is any reasonable possibility of his explanation being true, then he is entitled to his acquittal

[19] In die meeste strafsake is daar gewoonlik direkte botsende weergawes. Word die voormelde bewysmaatstaf toegepas, is die benadering wat gevolg moet word te vinde in die

eindvraag: “Bestaan daar in die lig van die totaliteit van al die getuienis, d.w.s. van die Staat en die verdediging, redelike twyfel aangaande die beskuldigde se skuld? “Indien wel, moet hy vry uitgaan.” (**S v VAN ASWEGEN** 2001 (2) SASV 97 (HHA) en die ondersteunende gesag daarin aangehaal).

- [20] Die bewysmaatstaf in ‘n strafsak is essensieel ‘n eenvoudige maatstaf. Dit behoort vir die verhoorlanddros nou duidelik te wees dat die gehalte van bewys wat van die Staat in strafgedinge vereis word, hoër is as dié wat van enige van die partye in ‘n siviele geding vereis word. ‘n Blote oorwig van waarskynlikheid is nie voldoende nie. Die Staat moet sy saak “bo redelike twyfel bewys”. Die klem val dus nie op die graad van waarskynlikheid nie, maar op die graad van twyfel. In ‘n siviele saak moet net aangetoon word dat die weergawe van die bewyslasdraer meer waarskynlik is as die van sy teenparty; in ‘n strafsak word ‘n ander element ingevoer, te wete “die uitsluiting van ‘n redelike, alternatiewe hipotese”. As daar nie sodanige uitskakeling kan wees,

gemeet aan die strafregtelike bewysmaatstaf, moet die beskuldigde ontslaan word.

[21] Van hierdie geykte beginsels het die verhoorlanddros klaarblyklik weinig, indien enige, van kennis gedra. Ek is jammer om te sê dat 'n voorsittende beampte, in 'n strafsak, waar die beskuldigde se vryheid op die spel is, nie die mees elementêre beginsels in die strafprosesreg eerbiedig, of van kennis dra nie, nie op enige regbank sitting behoort te geniet nie, totdat sy/hy oor die basiese vaardighede beskik om 'n oordeel te vel oor die skuld van 'n beskuldigde, wat vermoed word onskuldig te wees. Dit kan sy bereik deur verdere opleidingskursusse te ondergaan en dies meer. Dit kan sy egter nie bereik as 'n voorsittende landdros ten koste van die publiek nie.

[22] Dit is gebiedend noodsaaklik dat die verhoorlanddros, tot tyd en wyl, nie verder as voorsittende beampte kan funksioneer nie. Die kantorhoof moet onverwyld toesien dat die landdros paslike opleidingskursusse, (in besonder,

Strafproses- en Strafbereg) aangebied deur die Departement Justisie, suksesvol voltooi. Daarna kan die kantoorhoof, indien hy tevrede is dat die landdros geskik en bevoeg is om haar pligte te hervat, sodanig reël.

[23] Op die totaliteit van die aangevoerde getuienis het die appellant in noodweer opgetree en kan daar nie gesê word dat sy weergawe nie redelik moontlik waar is nie.

[24] Gevolglik word die volgende bevel verleen:

24.1 Die appèl teen die skuldigbevinding en vonnis slaag en word die landdros se bevel vernietig en vervang met “onskuldig en ontslaan”.

24.2 ‘n Afskrif van hierdie uitspraak moet onverwyld onder die kantoorhoof van die verhoorlanddros se aandag gebring word, sodat hy oor gepaste optrede kan besluit.

G.A. HATTINGH, R

Ek stem saam.

M. MOLEMELA, Wnd R

Namens die appellant:
In opdrag van:
Hill McHardy & Herbst
BLOEMFONTEIN

Adv. P.W. Oberholzer

Namens die respondent:
In opdrag van:
Vervolgings

Adv. V. de Bruyn
Direkteur Openbare

BLOEMFONTEIN

/sp